

28 Julie

Skrifgedeelte: Sagaria 14

Fokusgedeelte: Sagaria 14:20-21

Die nuwe Jerusalem

Hoewel Jerusalem eers 75 jaar later (onder Nehemia) herbou sou word, sien Sagaria reeds dat die herboude stad weer ingeneem word (vers 2). Die ou Jerusalem moet plek maak vir die nuwe wat wesentlik van die oue sal verskil. Die ou Jerusalem was en is steeds die setel van die Jodedom – dit is uit en uit ‘n aardse stad waarin politiek (soos vandag nog) die botoon voer. Die nuwe Jerusalem is die geestelike tuiste van almal wat die Here, die Almagtige, wil aanbid (verse 16-17). Ons sou hier aan die Nuwe-Testamentiese kerk kon dink.

In die ou Jerusalem was daar ‘n skerp onderskeid tussen wat heilig en wat onheilig is. So was die potte (gereedskap) van die tempel afgesonder net vir heilige diens en was slegs die hoëpriester totaal aan God gewy (net hy het ‘n tulband gedra met die woorde “*Gewy aan die Here*”) (Eks 28:36). In die nuwe Jerusalem dra selfs die perde hierdie gewyde woorde en in elke huis se kombuis word heilige potte gebruik (verse 20 en 21).

In Openbaring 21:22 lees ons dat Johannes geen tempel in die nuwe Jerusalem gesien het nie. Waarom nie? Omdat ‘n tempel dan nie meer nodig is nie, want alles is dan gewyd. Hierdie beginsel moet nou reeds in ons lewe geld. Ons moet ons nie net op Sondagoggende Christelik gedra nie, maar elke dag en elke uur. Die liturgie (erediens) op Sondae moet gedurende die week in my lewe voortgesit word. Alles wat ek het moet aan God gewy wees. Daar moet as ‘t ware ‘n kerkkoepel oor my hele lewe getrek wees – alles wat ek doen en sê moet tot eer van God wees.

Sing: Skrifberyming 45:8

Ds AS Heystek (Akasia)